
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

KRAG IN GEBED

Een van die belangrikste opdragte wat God in Sy Woord aan ons verduidelik, is hoe om met Hom te kommunikeer. Daar is net een wyse om met Hom te kommunikeer, en dit is deur gebed, volgens Sy Woord. **Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle <u>verkeerd bid,</u> om dit in julle welluste deur te bring (Jak. 4: 2-3).**

Hier sê die Here vir ons dat ons nie ontvang nie, omdat ons verkeerd bid. Vir 45 jaar was ek een van die duisende wat nie van God ontvang het nie, OMDAT EK VERKEERD GEBID HET!

Tradisie het my geleer om die Naam van die Here aan te roep en Hom dan te blameer vir al my probleme.

"Here, waarom het U hierdie siekte oor my laat kom? Help my asseblief om my kruis te dra. Ek verstaan nie waarom nie, maar ek weet dat U my in hierdie finansiële krisis laat beland het om vir my iets te leer." Dan het ek al my behoeftes in die fynste besonderheid opgenoem en afgesluit met die woorde: "As dit U Wil is, genees my en gee my dit waarvoor ek gevra het." In my tradisionele geindokterneerde godsdiens het ek die Here blameer vir die werke van Satan. **Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê (Joh. 10:10). So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering (tradisies) (Matt. 15:6).**

Die volgende dag, wanneer my gebede nie beantwoord is nie, het ek net dieselfde soort gebed herhaal:

1. Al my klagtes teen God die Vader,
2. my daagliks behoeftes, en
3. "as dit U Wil is, gee my asseblief wat ek gevra het."

En so het ek my gebed herhaal en herhaal met geen resultate nie. Ek het dan die houding aangeneem dat ek teen 'n muur bid en dat God nie na my luister nie.

Ek het nooit besef dat hierdie proses van herhaling juis dit is waarteen Jesus ons gewaarsku het en dit vergelyk het met die gebede van die heidene!

En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word. Ek weet wat julle nodig het lank voordat julle vra (Matt. 6: 7-8).

Laat ons nou uit die mond van drie getuies in die Bybel vasstel HOE OM TE BID - dit is Vader God se voorskrif.

Slegs wanneer ons volgens Sy Woord bid sal ons gebede verhoor word. Ons sal sien hoe om te ontvang dit wat God in Sy Verbond bedoel het vir Sy Kinders. Diegene wat Jesus Christus ontvang het as hulle persoonlike Verlosser en Here, is nie meer slawe of diensknegte nie, maar Kinders van God **(Joh. 1:12).**

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo.

Hy het aan Sy kinders 'n erfenis nagelaat deur Jesus Christus, wat daardie wrede dood aan die kruis op Golgota gesterf het, sodat ons versoening met God kan hê, en Sy beloftes kan ontvang.

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Krag in gebed….)

Die Bybel sê ook duidelik WIE te blameer is vir die mens se ellende.

Die <u>dief</u> kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê (Joh. 10:10).

…. met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die <u>duiwel</u> was, omdat God met Hom was (Hand. 10: 38).

Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is, wat die <u>Satan</u> - dink daaraan! - agtien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die sabbatdag verlos word nie?Luk. 13:16).

En die <u>Satan</u> het weggegaan van die aangesig van die Here, en hy het Job met bose swere getref, van sy voetsool tot sy skedel Job 2:7).

Siekte ly tot die dood en die dood is ons vyand volgens die Woord van God **(1 Kor. 15:26).**

Dit is die duiwel wat daarvoor verantwoordelik is, en tog is ons geneig om God daarvoor te blameer. Ons vind dat dit juis so was in die boek, Job, die oudste boek in die Bybel. In die eerste twee, en weer in die laaste vyf hoofstukke praat God. In die oorblywende 35 hoofstukke is die mens aan die woord en gee hy sy opinie oor God. In die 39 ste hoofstuk spreek God 'n teregwysing uit teenoor hierdie "godsdienstige" manne omdat hulle sulke leuens kwytraak oor God: Hulle het God blameer vir al Job se lyding, bv. **"die Here het gegee en die Here het geneem" (Job 1:21).** Inteendeel: God GEE en Satan NEEM! (Lees ons boek: DIE CHRISTEN EN JOB). Maar die mens het nog nooit verander nie! Hy luister nooit na wat God sê nie, maar luister eerder na die mens en neem 'n verdraaide beeld van God aan.

Die eerste getuie oor hoe ons moet bid is die apostel Johannes.

En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra <u>volgens Sy Wil.</u> En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het (1Joh.5:14-15).

God sê dat ons vrymoedigheid (vertroue) teenoor Hom kan hê dat as ons bid volgens Sy Wil, Hy ons gebede verhoor! LET WEL: Nie, AS dit Sy Wil is nie, maar VOLGENS Sy Wil. Waar vind ons die Wil van God? In Sy Woord: SY WOORD IS SY WIL.

Sy Woord beveel ons om vir mekaar te bid vir genesing **(Jak. 5:16).** DIT IS DIE WIL VAN GOD. Sy Woord sê dat die gelowige sy hande op die siekes moet lê en hulle sal gesond word **(Mark. 16:18).** Dit is God se Wil om jou te genees, en dis daarom dat jy vir genesing kan bid volgens Sy Wil en opdragte.

As jy bid "As dit U Wil is," glo jy nie wat God gesê en beveel het wat ons moet doen nie, m.a.w. jy twyfel en God sê dat as ons twyfel moet ons nie dink dat Hy ons gebede sal beantwoord nie **(Jak. 1:6-7).**

In Joh. 14, 15 en 16 het Jesus sewe keer gesê dat ons enigiets kan vra in Sy Naam en Hy sal dit doen, of ons moet in Sy Naam vra en Sy Vader sal dit vir ons doen. Die Wil van God word verduidelik in die Woord van God. **Ex. 15:26: ….. want Ek is die Here wat jou gesond maak.**

Ons kan nie iets vra wat teen die Woord van God is nie, want dit sal TEEN SY WIL WEES. Jy kan nie vir God vra vir die besittings van iemand anders nie, want die Bybel sê om iemand anders se besittings te begeer of te steel, is sonde.

Hy gaan verder deur te sê dat as ons weet dat Hy ons verhoor, ons vertroue kan hê. DIT IS DINAMIET. God kan nie lieg nie **(Titus 1:2).** So, die eerste sleutel tot verhoorde gebede, volgens die Woord is, dat ons moet bid volgens God se Wil.

Vind uit wat God se Wil is in jou omstandighede voor jy vra. As jy volgens Sy Wil bid, kan jy verseker wees dat jou gebede verhoor sal word. God plaas die verantwoordelikheid op ons, om vas te stel wat Sy Wil is in verband met ons behoefte, voordat ons bid.

Natuurlik sal daar omstandighede in ons lewens wees wanneer ons nie sal weet wat God se Wil is nie. Bv. wanneer ons Evangelisasie-veldtogte beplan, dan bid ons: "Here, as dit U Wil is sal ons 'n diens in Pretoria hou". Daar word nêrens in die Bybel gemeld of ons 'n diens in Pretoria moet hou of nie, maar die Woord beveel ons wel om te GAAN en die Evangelie aan die ganse mensdom te verkondig en die siekes te genees **(Mark. 16:15-18).**

Ek weet nie altyd waarheen of wanneer ons moet gaan nie, maar ons vertrou Hom en weet dat Hy ons sal lei waarheen ons moet gaan, aangesien ons Hom in die gebed ken.

Toe Sy dissipels na Jesus gekom het en Hom gevra het om hulle te leer bid **(Luk.11:1 - 4)** het Hy hulle in groot detail geantwoord. M.a.w. God Self het die mens geleer om te bid, maar baie anders as wat tradisie ons leer.

Vroeër het ek genoem hoe ons geleer was om vir God dieselfde ding oor en oor te vra, en dan Hom te blameer as ons gebede nie beantwoord is nie. GOD IS NIE DOOF NIE.

Tog leer die Woord ons om te bid sonder ophou **(1 Thes. 5:17 en 18 - bid gereeld).** Hierdie Skrif sê vir my dat dit nodig is, dat ons daagliks moet bid met dankbare harte en met danksegging, nie met klagtes en aantygings teen God vir wat Hy in die eerste plek nie

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Krag in gebed…)
veroorsaak het nie.

Ps. 22:4 sê dat God woning maak onder die lofprysinge van Sy volk. M.a.w. as ons Hom loof en dank is Hy by ons teenwoordig. **Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam (Ps.00:4).** (Sal die teenoorgestelde nie ook waar wees nie, nl. dat God die klaagliedere van Sy volk vermy!?). Ons kan natuurlik nie dwaas wees en God dank vir siekte en moeilikhede nie! Dis tog die duiwel wat steel, slag en vernietig, nie God nie. In die Tien Gebooie belet God ons om te steel, te moor, te lieg, ens. Waarom dink ons dan so maklik dat God Sy eie Gebooie sal verbreek as Hy sê dat Hy Sy Woord (Sy Gebooie) bo Sy Naam verhef? **(Ps. 138:2 - King James vertaling).**

Hoeveel moontlikhede is daar dat God ons gebede sal beantwoord as ons begin deur Hom aan te kla van moord en diefstal - valse getuienis teen Hom spreek, bv. "O God, waarom het U die lewe van my beste vriend geneem?" of, "O God, waarom het U al my besittings weggeneem, waarvoor ek so hard moes sukkel en werk?" Onthou, dis die dief, Satan, wat slag, steel en vernietig! Jesus het gesê: **"Ek het gekom dat jy lewe kan hê en dit meer oorvloedig" (Joh. 10:10).**

Nieteenstaande siekte en probleme, dank en prys Hom daagliks sonder ophou vir al die goeie dinge wat van Hom afkomstig is, en jy sal Sy Teenwoordigheid en seëninge ondervind.

Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie (Jak. 1:17). God gee goeie gawes en Hy kan nie verander nie.

Bid die oplossing - bid die antwoord - moenie die probleem bid nie.

Die Here sê ook baie duidelik dat Hy in al ons behoeftes sal voorsien **(Filip. 4:19)**, nie ons gierighede nie. Ons behoeftes is dit wat ons daagliks benodig om 'n gemaklike en vreedsame lewe te lei. Hebsug is wat die vlees verlang en is heeltemal onnodig. **Jak. 4:3** noem dit WELLUS.

In **Matt. 6:9-13** (ons tweede getuie) gee Jesus vir ons 'n duidelike bloudruk van hoe om te bid. Moenie daagliks net hierdie gebed herhaal soos 'n ritueel nie. Dan verander dit in 'n ydele herhaling, soos die geval is by die heidene. Jesus gee ons 'n voorbeeld hoe ons moet bid. God sê ook hier vir ons dat Hy weet wat ons nodig het lank voordat ons nog vra. M.a.w. God ken ons behoeftes, daarom hoef ons nie aanhoudend die probleem te bid nie, maar ons moet VRA VIR DIE OPLOSSING. Hy weet selfs hoeveel hare op jou hoof is, so intiem ken hy jou.

Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word (Matt.6:9).

Begin jou gebed deur God te loof en te aanbid, en sien Hom as jou Hemelse Vader. Hy het gesê dat as ons aardse vaders wat sondaars is weet hoe om aan ons kinders goeie gawes te gee, hoeveel te meer sal ons Hemelse Vader nie vir ons gee nie. Dikwels is onsself die hindernis in ons eie gebedslewens en ontvang nie omdat ons verkeerd bid.

Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid …. (Jak. 4:3)

… laat U koninkryk kom; laat U Wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde (Matt. 6;10).

Ek is seker dat jy met my sal saamstem dat in die Koninkryk van die Hemel daar geen siekte of armoede bestaan nie. Inteendeel, die poorte is van pêrels, die strate is van goud en die mure is gevul met kosbare stene. God bly daar en Sy Wil geskied daar. Daar is die vrede wat alle verstand te bowe gaan en die volmaakte liefde word daar aangetref. Jesus sê hier dat ons moet bid dat hierdie wil ook op die aarde moet geskied: Vryheid van siekte en armoede met 'n oorvloed van vrede en liefde.

Dis belangrik dat jy sal verstaan dat ons nie beweer dat een of ander onbekende, vreemde en onvermydelike wil afgebid moet word nie. Ons weet dat God se Woord Sy Wil is, en Sy Woord sê dat God die goeie vir ons begeer.

Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan (3Joh.2).

Daarom kan ons met vrymoedigheid en vreugde vra dat Sy wil moet geskied op die aarde net soos in die hemel, waar daar nie siekte en ellende is nie.

Daarom, om te bid vir genesing of enige ander aspek waaroor Sy Woord duidelike uitspraak gee, en dan daar by te voeg "as dit U Wil is", is 'n kansellasie van jou eie gebed, want eintlik sê jy: "Here, ek is nie regtig seker of U my sal genees nie; ek is nie seker of U die prys betaal het vir my siekte nie - ek betwyfel U liefde vir my en U Woord."

Jy bid en ontvang nie omdat jy verkeerd bid .... en twyfel.

Jak. 1:6, 7 en 8: Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel, want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want die mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie - so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.

Matt. 6:11: Gee ons vandag ons daaglikse brood:

God verlang dat ons geheel en al van Hom afhanklik sal wees: Daagliks. Soos die Israeliete van ouds wat hulle manna daagliks versamel het, terwyl hulle in die woestyn geswerf het (die volgende dag was die manna van die vorige dag verrot), so verlang God dat ons ons daagliks afhanklik van Hom moet verklaar en Hy sal vir ons voorsien. (Ons boek NAGMAAL

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Krag in gebed….)

EN GENESING deel met die aspek van die daaglikse deelname aan die nagmaal as 'n gesin. Ek stel voor dat jy 'n kopie hiervan bekom. Die waarheid wat in hierdie boek opgeneem is, sal jou lewe verander, as jy dit sal ontvang en toepas).

En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe (Matt. 6:12).

Ek wil graag **Matt. 6:14 en 15** hier byvoeg: **Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.**

Om te vergewe is 'n besliste voorwaarde vir gebedsverhoring. As jy nie vergewe nie, sal God nie jou gebede beantwoord nie. Deur te vergewe (onvoorwaardelik) bewys jy jouself 'n guns, eerder as vir die een wat jy vergewe. Deur onvergifnis te koester in jou hart, sal jy in die hand van die pynigers beland! **(Matt. 18:32-35)** Die oomblik wanneer jy besluit om nie te vergewe nie, maak jy 'n deur oop vir demoniese invloed (pynigers).

Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie? En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. So sal ook my Hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie (Matt. 18: 32-35).

Jesus het ons ons sondes vergewe deur te ly en te sterf aan daardie kruis en daarom is ons verplig om te vergewe.

Om te vergewe met die voorbehoud om nie te vergeet nie, is nie vergifnis nie. God sê dat Hy jou sal vergewe en nie weer aan jou oortredinge sal dink nie **(Heb. 8:12).** Dis die wyse waarop Hy verwag dat ons ons medemens sal vergewe. VERGEEF EN VERGEET.

En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose (Matt. 6:13).

Dit is interessant om daarop te let dat Jakobus sê dat God geen mens versoek nie, en ook nie Self versoek word deur die kwaad nie **(Jak. 1:13).**

Ek sou sê dat God ons wil help om alle versoeking te weerstaan, en ons daarvan verlos...

Die Ou Verbond (Testament) was nog van krag toe Jesus Sy dissipels geleer het hoe om te bid. Onder die Ou Verbond moes die mens nog God die Vader nader deur die priester en offerhande bring om hom te verlos van die bose, maar die Kruis het die verskil gemaak. Aan die kruis het Jesus die bose uitgeklee en hom in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hom getriomfeer ***(Kol. 2:15)****. 'n Testament is slegs van krag na die testateur gesterf het, en so het die Nuwe Testament van krag geword nadat Jesus gesterf het en uit die graf opgestaan het. In Christus het ons as gelowiges nou gesag oor die vyand in Sy Naam. Jesus het ons verlos van die bose, daarom kan ons nou duiwels uitdryf in Sy Naam* ***(Mark. 16:17).***

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen (Matt.6:13).

Weereens verlang God ons danksegging en lof. God bewoon die lofsange van Sy volk. Ons lofprysinge is 'n teken aan God dat ons Hom vertrou en dat Hy ons gebede verhoor het en dat die manifestasie van hierdie verhoorde gebed, sigbaar sal word.

Dit is baie eenvoudig: Jy doen wat God sê en jy ontvang die seëninge wat Hy belowe, OF jy doen dit nie en bid tevergeefs.

Die derde getuie wat ek wil gebruik is **Mark 11:23:Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see - en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur - hy sal verkry net wat hy sê.**

Hoe kan ons berge in die see werp? Die berge wat die Here van praat is die laste van hartseer, frustrasie, siekte en armoede. Die berg kan so groot word dat jy nie meer daaroor heen kan sien nie. Maar, dank God, Hy het vir ons gewys hoe om ontslae te raak van hierdie berge in ons lewens.

Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê (Mark. 11:22).

Om te bid sonder geloof (vertroue) is 'n hopelose saak.

En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag (Heb. 11:6).

Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie (Heb. 11:1).

Geloof is om iets te glo wat jy NOG NIE SIEN NIE. Om eers te sien en dan te glo is nie geloof (vertroue) nie. Die wêreld glo op daardie wyse: "Om te sien is om te glo." Die Bybel sê: "Glo eers, dan sal jy sien". Ek sê dikwels dat as ons God net sal glo (vertrou) op die wyse wat ons die mens glo (vertrou), sal ons nie probleme hê met geloof nie. Laat ek aan jou verduidelik:

As ek jou sou bel en aan jou sê dat ek vir jou tien kopieë van die boek "Nagmaal en

(Verrvolg op Bl. 5)

(Vervolg vanaf Bl. 4 - Krag in gebed)

Genesing" gee wat jy lees, sal jy sê: "Dankie, ek waardeer dit baie." Dan begin jy te beplan aan wie jy hierdie kopieë gaan gee en waar jy die ander gaan bêre. JY REAGEER ASOF JY HULLE REEDS HET en dit alles op 'n man se woord. Nou, om op dieselfde wyse te reageer op God se Woord vind ons baie moeilik om te doen, selfs al is SY WOORD TIEN DUISEND KEER MEER BETROUBAAR AS DIE WOORD VAN 'N MENS. Dis die rede waarom mense nie hulle genesing ontvang nie - hulle bely met hulle monde, maar hulle harte is nie daarin nie. **Jes. 53:4 en 5** profeteer dat Jesus Christus aan die kruis sal sterf vir ons sonde, siekte en krankhede en dat ons deur Sy Wonde genees is. Hierdie profesie is uitgespreek 700 jaar voor Sy kruisiging.

Sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra (Matt.8:17).

Wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe: deur wie se wonde julle genees is (1 Pet.2:24).

Ons kan dus nie vir een oomblik twyfel aan Jesus se wonde aan die kruis nie. Tog vind ons dit so moeilik om te glo (te vertrou). Ons monde bely ons geloof (vertroue), maar ONS TREE NIE OP ASOF ONS GLO NIE. Mag ek ook byvoeg dat Satan ons kan laat struikel deur die woorde van ons eie mond.

Mark. 11:23 sê dat ons kan hê wat ons sê! Die Here het aan 'n sekere evangelis gesê: "Ek het vir my mense gesê dat hulle kan hê net wat hulle sê". In **Spr. 6:2** skryf Salomo dat ons in 'n strik gevang is deur die woorde van ons mond, en dat daar lewe en dood in die mag van die tong is **(Spr. 18:21).**

Tydens 'n diens bid ons vir baie siek mense en God genees op wonderbaarlike wyses. Sommige genesings manifesteer nie onmiddellik nie en dan sê hulle: "Ons het gesien hoe God sommige genees het, maar Hy het nie vir ons aangeraak nie." So kanselleer hierdie mense onmiddellik hulle genesing, want HULLE HET WAT HULLE GLO EN SE **(Mark. 11:23).**

In **1 Kor. 12:8-10** word die Gawes van die Heilige Gees opgenoem en daar vind ons die gawes van genesing, wat 'n proses is en tyd neem, en die gawe van wonderwerke wat onmiddellike genesing is.

Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry (Mark.11:24). Engels (king James): **Therefore I say unto you, what things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them.**

Daar staan WANNEER JY BID, m.a.w. op die tydstip wanneer jy bid, glo dat jy ontvang. Dit help nie om te glo (te vertrou) wanneer jy ontvang nie, maar GLO (vertrou) DAT JY ONTVANG WANNEER JY BID. As jy op hierdie wyse bid, sal jy nie nodig hê om môre en die dag daarna weer dieselfde gebed te bid nie, want jy het mos vertrou dat jy ontvang het toe jy die eerste keer gebid het. Hierdie is die soort geloof (vertroue) waarmee jy glo (vertrou) dat jy ontvang wanneer jy bid, wat God eer, want jy tree nou op in gehoorsaamheid aan Sy Woord:

Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God (Rom. 10:17).

Dit is nie Skriftuurlik om vir meer geloof (vertroue) te vra nie: Reageer op wat jy het en God sal dit vermenigvuldig.

En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie (Mark.11:25-26).

Kan jy sien hoe hierdie voorwaarde van vergifnis keer op keer herhaal word? Dit is weersinswekkend om te sien hoeveel onvergifnis daar in die kerk aangetref word. Geen wonder dat ons gebede nie verhoor word nie, nie net ons persoonlike gebede nie, maar ook die vir ons gemeenskap en ons land. Wat van ons onvergewensgesindheid teenoor anders kleuriges en rasse? Ons bid vir vrede en soek God daarvoor, maar ons harte is vol haat, oordeel, weersin en onvergifnis. MY PERSOONLIKE DEFINISIE VAN GELOOF IS, AS JY DOEN WAT GOD IN SY WOORD BEVEEL, SAL GOD DOEN WAT HY SÊ HY SAL DOEN, AS JY GEHOORSAAM IS. ●

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

PREPARATION FOR HEALING

In **Matt. 15 21-28** we read the account of a Gentile woman who came to Jesus for healing for her daughter. Jesus told her that healing was the "children's bread", and yet He healed her daughter because of the mother's great faith. We see here that healing is for God's children and yet in His great mercy He heals those who come to Him in faith. Dr. James have on occasion prayed for unbelievers, some of them have been Moslems, and before he prayed for them, he had the opportunity of telling them that Jesus Christ is the Healer, and he prayed in His Name. God in His mercy touches them and displays His healing power with the intent of drawing this unbeliever to Himself. They then have the choice to follow the One who has just touched their body, or to reject Him as Lord. It is unfortunate that many who have been healed do not keep their healing because they reject the Healer. It is therefore most important that we take the important step of receiving the Healer – Jesus Christ, as our Personal Saviour as well as our Healer. You must be born again.

Many people are not healed because they do not take the time to meditate upon the Word of God, to take it into their hearts and allow it to grow. We read in **Mark 6:5** that in His hometown of Nazareth, Jesus COULD DO NO MIGHTY WORK because the people were SCEPTICAL AND FULL OF UNBELIEF. Take time, therefore, and read and listen to God's Word so that your heart can understand the conditions for the healing of your body. Make sure too that YOU BELIEVE that it is God's Will to heal you. I know this to be a fact, and God explains it so clearly in the Bible, but do YOU believe it, or is your cry: "Lord, I am not sure yet whether You really mean what you promised?" You have to be absolutely sure in your heart and your mind before praying for healing or being prayed for, and this faith does not develop over-night. Do not be double minded, as the Bible tells us in **James 1:6-8: But let him ask in faith, with no doubting, for he who doubts is like a wave of the sea driven and tossed by the wind. For let not that man suppose that he will receive anything from the Lord; he is a double-minded man, unstable in all his ways.**

While dr. James was practising medicine, and was still in his infancy regarding his walk with the Lord, an old Zulu man holding a white stick, walked into his surgery one day. He was being led by his grandson, and asked dr. James if there was anything he could do for him, as he had severe cataracts on both eyes and could not see anymore. He said yes, surgery was possible and that he could send him to King Edward Hospital in Durban, where they would remove the cataracts. At that point the voice of the Lord spoke to Doc, saying that he should pray for him to receive his sight. He asked him if he believed that if he prayed for him, Jesus would heal him and give him his sight. Without hesitation he replied emphatically that he believed without reservation that God would heal him! Doc proceeded to pray for him and cast out the devil of blindness and laid hands on his eyes, commanding them to see in the name of Jesus. When Doc took his hand from his eyes, he lifted up four fingers and asked him how many fingers he could see. He said "four"! Then Doc lifted up two fingers, and asked him the same question, he said, "two". Doc thought he was more surprised when his sight was restored, than he was! He had just simply believed, and God honoured his faith. Doc then examined his eyes under a light and saw the cataracts still there, and yet he could see through those cataracts. He put his white stick under his arm, and he and his grandson set off down the passage, rejoicing!

A few months later the same man returned and Doc was able to examine his eyes once again. This time his pupils were perfectly clear, and all signs of the cataracts had disappeared. The healing that God started on his first visit was complete! What a wonderful God we serve. Of course Doc's own faith just escalated.

Sometimes there is sin in our lives which separates us from God. Perhaps it is a big sin, but what we might see as little sins, or "little foxes", as Solomon calls our sinful little habits can have a very harmful effect on our Christian walk. All sin is sin in God's eyes, there are no small ones or big ones. Let us therefore humble ourselves before God and ask him to open our Spiritual eyes so that we can know and deal with the wrong in our lives, only then can we turn from it and ask God for forgiveness. He will remove our transgressions as far as the East is from the West, according to His promise in **Psalm 103:12.**

I would also like to make mention here of the sin of unforgiveness towards your fellow man. Unforgiveness, if not dealt with, breeds bitterness and hatred, and on many occasions, thoughts of vengeance. The Bible refers to the need for us to forgive anyone who has wronged us so that

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - Preparation for Healing...)

our Heavenly Father can forgive us and answer our prayers. Unforgiveness is perhaps the most common sin standing between ourselves and the manifestation of our healing. Then there are the lusts of the flesh which we need to resist. It is important to deal with all that will corrupt and destroy the body, which is the temple of God. We read in **1 Cor. 3:16-17: Do you not know that you are the temple of God and that the Spirit of God dwells in you? If anyone defiles the temple of God, God will destroy him. For the temple of God is holy, which temple you are.** Ask the Lord to help you lay down that which is not edifying to Him or good for you. Many of these fleshly habits become compulsive and dominate our lives, causing a blockage to receiving our healing, but praise the Lord, His Word promises us in **Phil. 4:13** that: **I can do all things through Christ who strengthens me.** Make a quality decision today to give up that unclean habit which rules your life.

If you have been involved in any occult practice, it should be renounced in the Name of Jesus. Ask the Lord to forgive you for having been involved in fortune telling, astrology, horoscope reading, spiritualism, mind reading, reincarnation, water divination (with a rod or stick), acupuncture, ouiji board, superstitions, healing by witch doctors, hypnosis, and any other alternative healing methods. This is in fact seeking the supernatural outside the Will of God. Break with all the above, and for a fuller list of occult practises, read our book "Know Your Enemy".

Yet another blockage could be Eastern practices or idols, eg. a Buddha ornament or other figurines of Eastern gods. Many Eastern ornaments have pictures depicting the dragon, which represents Satan. You will need to do some house cleaning, as they did in the church of Acts in chapter 19 verse 19. Ask the Lord, prayerfully to show you anything that is an abomination to Him which may be in your house. Yoga, kung-fu, jujitsi and karate have their origins in Eastern religious practises, and should be avoided at all costs, and renounced, should you have participated in any of them.

We can become so entangled in these activities, (which are devil inspired), in shear ignorance, and we often do not realise that we are playing with fire! Ask God for insight and wisdom, and when you have broken with, and repented of, all the sins of which you are aware, make God and the seeking of His Kingdom number one in your life. Let **Matt. 6:33** be the standard by which you live. **But seek ye first the Kingdom of God, and His righteousness; and all these things shall be added unto you. •**



UIT ONS KANTOOR

Rom. 5:5: en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

Vandag druk ons hoop uit asof ons nie seker is dat dit wel sal gebeur nie. Ons sê: " Ek hoop ek sal daardie prys wen. Ek hoop dit sal nie môre reën nie. Ek hoop alles werk goed uit."

"Hoop" in die Bybel is egter 'n seker en positiewe verwagting van die goeie. God wil dat jy 'n seker verwagting van die goeie moet hê, want as Sy kind is jy in Sy guns. **Want Christus is in jou, die hoop van die heerlikheid (Kol. 1:27),** jy kandie heerlikheid van God verwag om in elke gebied van jou lewe te skyn, ingeslote jou familie, werk, bediening, gesondheid en finansies!

God se Woord sê: **"en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."**Jy mag teleurgestelde hoop ondervind het, maar daar is 'n hoop wat nie teleurstel nie wanneer jy bewus is van hoe baie God jou liefhet. Dit is 'n hoop wat uit die hart van God voortkom, wie jou baie liefhet.

Dit is interessant dat die eerste keer wat die Heilige Gees in die boek van Romeine genoem word, verbind is met die liefde van God. Die Romeine boek word beskou as die grondslag vir Christene. Kan dit wees dat die eerste ding wat die Heilige Gees wil doen, is om in ons harte vas te lê dat God ons liefhet? Baie mense dink dat die Heilige Gees gekom het om ons te leer oor krag. Die waarheid is egter dat die Heilige Gees nie gekom het om die liefde vir krag te openbaar nie, maar die krag van liefde!

My vriend, jy het miskien nou jou werk verloor. Maar as jy kan sê: "Jesus het my lief, dit weet ek", kan jy ook sê: "Ek glo dat ek môre 'n beter werk gaan kry ". Jou meisie het jou miskien vir jou beste vriend verlaat. Maar omdat jy kan sê: "Jesus het my lief, dit weet ek", kan jy ook sê: Ek sal 'n beter meisie ontmoet."

Wanneer jy glo dat God jou liefhet, sal jy 'n positiewe verwagting van die goeie hê. Jy sal 'n hoop hê wat nie sal teleurstel nie. Wees dus versigtig waarvoor jy hoop, want jy sal dit kry!

Ons loof God vir Sy getrouheid, leiding en krag vir elke dag, en ons dank julle dat julle so 'n belangrike deel is van wat Hy ons voor geroep het om vanuit die Stanger Christelike Sentrum te doen. Julle gebede, aanmoediging en ondersteuning op elke manier word werklik waardeer en maak alles moontlik. Dit voel egter dat om dankie te sê nie genoeg is nie, maar die Here ken ons harte en ons weet dat Hy by magte is om alle seëninge oorvloedig oor julle te maak.

Liefde, Meg en die gebed span.

Meg en die Gebedspan

Ons God van wonderwerke..

Briewe wat getuig van die Here se goedheid

Goeie Dag Suster Meg en Gebed span,

Vandag kan ek net jubel en juig in die Here, ek het `n tyd gelede u Sentrum geskakel vir voorbidding vir my dogter Chantelle. God bly getrou en is ons groot Geneesheer, Chantelle is geopereer en die uitslag het ons Donderdag van die dokter ontvang, daar is geen spoor van kanker of kankeragtige selle in haar liggaam gevind nie. Die dokter het egter gesê dat die virus elke keer terug sal kom en dat sy elke ses maande moet kom om te kyk of daar enige kwaadaardigheid is. Ons het dadelik die dokter se uitspraak gekanselleer en glo met alles in ons dat God haar volkome genees het. Baie dankie suster Meg dat ons enige tyd die Sentrum kan skakel vir gebed, Ons Hemelse Vader sal u en u span ryklik seën.

Dankie ook vir die literatuur ek waardeer dit opreg, mag dit altyd met u-hulle voorspoedig gaan en mag u al die seëninge van ons Here op u lewe ervaar.

Groete, Ellen Strauss

'n Tyd gelede het ek u gevra om vir my te bid vir genesing van my rug en bors,en baie gou daarna het ek gevoel asof 'n nuwe liggaamvir my gegee is, Hy het my genees! Aan Jesus ons Verlosser al die eer en dank!! Mense, as julle dink dat Jesus in vandag se tyd nie genees nie , wil ek hiermee getuig dat Jesus die groot Geneesheer is, en ja Hy sien al ons eenvoudige skepsels raak. HALLELUJAH!!!

Aan die gebed span my dank aan julle en baie liefde,

Jenni Oliver

Mother Meggie and prayer team greeting,

It is with great joy to report that prayers have been answered. Cellulites in Nosiphos foot has been healed. She walks normally now to school.

I can't thank the lord enough for making you be my family's pillar of strength in times of distress and pain. May the lord continue strengthening you so as to carry on the enormous task he had allocated to you.

God bless the Centre!!

Hartlike groet van Khanyi, Nosipho, Zandile en my twee groot seuns

Dumisani en Robert Gcwabaza.

Die Here het wonderlik geantwoord en my ten volle genees van die artritis. Julle is ons toevlug en hulp in die Here. Ek dank en loof en prys Hom vir die wonderlike gawe wat Hy vir u gegee het en dat u dit so getrou gebruik met 'n dankbare hart bid ek die Here se seën.

Mev S Coetzee, Pretoria

Dit was vir my 'n wonderlike verligting om genees te wees van depressie. Julle nuusbrief elke maand te ontvang is vir ons 'n wonderlike seën.

Ons gee ons liewe Here al die eer en lof!!

Ons hartlike seënwense.

Mnr C Celliers, Bellville

Ek het probeer skakel met die beste nuus!! Ek het sopas gehoor dat ek my pos permanent gekry het. Ek het van 2015 gesukkel om vaste werk te kry. Julle het saam met my gebid. Prys die Here!!!

Mnr J Fourie, Senekal

Ek het verlede jaar vir julle gebel om te bid vir my dogter Michelle, wat baie gesukkel het om swanger te raak. Dankie dat julle saam met ons gebid het, sy is verwagtend en haar datum is 20 Augustus. Baie dankie!! Liefde groete

Petrus Steyn,

Ek groet julle in die naam van Jesus. Baie dankie vir my brief waar ek voorbidding vra. Gebed span my toetse se uitslae het gekom en dit wys alles negatief.

Ek glo en vertrou op julle gebede. Prys die Here!!

Mnr T Swart, Upington

Gebed span, ek wil baie dankie sê dat julle vir my gebid het. Ek het julle gevra om vir my te bid vir 'n baba. Ek wil net vir julle sê dat ek nou 8 maande swanger is.

Ek loof en prys ons Hemelse Vader!!

Martie Sylvester, Pretoria

SKATKIS

OM SY LIEFDE TE KEN SAL JOU KRAG WEES -

Dit gaan alles oor 'n liefdesverhouding met Hom ... Niemand wil hê dat hul kind vir hul liefde moet smeek nie, hulle wil net hê dat hulle moet weet en in die feit rus dat hulle hul liefhet. Hulle wil hê dat hulle veilig in hul liefde moet voel. So wil God hê dat ons in Sy liefde vir ons moet rus. Wanneer ons dit doen, is dit soveel makliker om onsself en ander lief te hê.

DIE DUIWEL WIL Hê DAT JY HIERDIE GROOT LIEFDE IN TWYFEL MOET TREK -

Die vyand se totale spel is om jou so ver te kry dat jy hierdie groot Liefde sal betwyfel, sodat jy onveilig sal voel in al jou verhoudings. Wanneer ek my werklik daarop toelê om Hom te soek en Hom te ken, dan is dit wanneer Hy my Sy liefde begin wys, ek soek nie dinge nie ... net vir Hom en Hy wil hê dat jy vandag moet weet dat Hy Sy groot liefde aan jou wil openbaar. Dit is die "Geheime Plek" waar jy van die wêreld kan skuil en alles wat in die wêreld is. Hierdie innerlike draai sal die rus wees waarin jy sal gaan, wat jou krag sal gee vir die dinge wat jy in die lewe in die gesig sal moet staar. 'n Wete dat jy geliefd is deur die enigste een wie jou kan en wil red uit die hand van die vyand!

PAULUS SE GEBED

EF. 3:17 - 19: "dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God."